Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** 50

**TYD:** 2 uur

* 9 A F H L 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: BEGRIPSTOETS (20 punte)
   AFDELING B: OPSOMMING (10 punte)
   AFDELING C: TAAL IN KONTEKS (40 punte verwerk na 20)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 MINUTE
   AFDELING B: 30 MINUTE
   AFDELING C: 40 MINUTE

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg in EEN volsin.

### TEKS A: ARTIKEL

**JOHNNY CLEGG – ODE AAN DIE WIT ZOELOE**

1 Die gewilde musikant Johnny Clegg, wat reeds twee jaar teen pankreaskanker veg, is besig met ŉ laaste reeks optredes wêreldwyd.

2 Johnny Clegg (64) se blou oë lyk vandag effens hartseer. Sy kenmerkende bos krul hare is yler, gryser en vreemd reguit, waarskynlik weens die intensiewe chemoterapie van die afgelope twee jaar.

3 Dis ŉ warm lentedag. Ek en sewe ander joernaliste sit saam met Johnny om ŉ tafel op die stoep van ŉ Sandtonse hotel. Die okkasie is die aankondiging van Johnny se laaste wêreldtoer. Dit word *The Final Journey* genoem. Niemand sê dit nie, maar ons almal besef ons beleef waarskynlik ŉ stukkie geskiedenis. Sy publisiteitspan het ons gewaarsku dat die kans skraal is dat die ster ná vandag nog enige perskonferensie sal hou, of persoonlike onderhoude sal toestaan . Want die geliefde Wit Zoeloe, soos hy die afgelope veertig jaar al bekend staan, veg die afgelope twee jaar reeds teen pankreaskanker.

4 Na hierdie musikale reis na al die uithoeke van die wêreld, gaan hy uittree. Hy wil die tyd wat hy oor het aan sy gesin wy en hopelik sy outobiografie skryf.

5 Dis duidelik dat vanjaar se tweede rondte intense chemoterapie en ŉ groot operasie ŉ kwaai fisieke tol geëis het van die man wat byna net so bekend is vir sy energieke Zoeloe-danse as vir sy musiek. “Dis nou klaar. Hulle kan nie nog chemo doen nie,” vertel hy sonder om doekies om te draai. “Daarom het ek besluit om hierdie tyd waarin ek nog goed voel, te gebruik om totsiens te sê aan almal wat my op hierdie musikale reis ondersteun het.”

6 Hy het sy wêreldtoer sedert die begin van die jaar in fases aangepak. “Ek wil niks doen wat my fisieke toestand kan vererger nie.” Vir Johannesburg het hy ŉ ekstra konsert bygesit, ŉ klomp vriende genooi om die verhoog met hom te deel én kaartjiepryse verlaag sodat soveel moontlik aanhangers dit kan bywoon. Onderhandelinge was ook aan die gang om die konsert in die Jabulani-teater in Soweto te hou. “Dis immers waar hy en Sipho Mchunu en Juluka begin het.”

7 ŉ Jong Zoeloeman,Charlie, wat woonstelle skoongemaak het en naby Johnny se huis op straat musiek gemaak het, was sy eerste kennismaking met die Zoeloekultuur. Johnny het leer kitaar speel en gou was die twee beste vriende.

8 Sipho Mchunu, ŉ Zoeloe-trekarbeider wat net twee jaar ouer as die 16-jarige Johnny was, het van die wit outjie gehoor en hom vir ŉ kitaarkompetisie uitgedaag. Dit het gelei tot ŉ jarelange vriendskap en die stigting van die groep Juluka.

9 Die liedjie *Asimbonanga* het hulle spesiaal vir Nelson Mandela geskryf. In 1999 het hulle in Frankfurt, Duitsland, opgetree.Dit beteken letterlik, "Ons het Mandela nog nie gesien nie." Johnny het nie geweet Madiba het net agter die verhoog gestaan nie. Halfpad deur die liedjie het hy op die verhoog verskyn en sy kenmerkende dansie gedoen terwyl Johnny gesing het. Dit was die hoogtepunt van Johnny se lewe.

[Verwerk uit *Rooi Rose,* 8 Aug. 2019]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Uit: *Die Burger*, 18 Maart 2018]

## VRAE: TEKS A

1.1 Herlees die titel.

Na wie verwys die 'Wit Zoeloe'? (1)

1.2 Uit paragraaf 1 kan ons twee karaktereienskappe van Johnny Clegg aflei. Skryf die TWEE eienskappe in jou eie woorde neer. (2)

1.3 Watter fisiese invloed het die siekte op Johnny Clegg as mens gehad? (3)

1.4 Johnny Clegg was ŉ baie gewilde sanger.

Motiveer waarom ons kan sê hierdie stelling is ŉ feit deur ŉ frase uit paragraaf 3 as antwoord aan te haal. (1)

1.5 Was Johnny se optredes slegs beperk tot Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 As wat sou Johnny Clegg se laaste optrede bekend staan en waarom is dié naam so gepas? (2)

1.7 Hoe verseker Johnny Clegg dat ál sy aanhangers ŉ laaste optrede van hom kan bywoon? (1)

1.8 Die bekende sanger was bekend vir sy energieke Zoeloedanse. Wat het veroorsaak dat hy nie meer hierdie pas kon volhou nie? (2)

1.9 Die Zoeloe-skoonmaker, Charlie, was die oorsprong van Johnny se loopbaan. Bespreek die korrektheid van hierdie stelling. (3)

## VRAE: TEKS B

1.10 Gee TWEE visuele bewyse uit TEKS B om aan te dui in watter ruimte Johnny Clegg en Madiba hulle tans bevind. (2)

## VRAE: TEKS A EN B

1.11 Hoe pas die beskrywing van Johnny Clegg in TEKS B by paragraaf 7 van TEKS A? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE groot musikale gebeurtenisse in Johnny Clegg se lewe.

**LET WEL:**

- Skryf die SEWE volsinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Die opsomming moet sover moontlik in jou eie woorde wees.
- Die opsomming moet tussen **70–80** woorde wees.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**’N LEWENSREIS SAAM MET JOHNNY CLEGG**

Johnny Clegg se lewe word gekenmerk deur ’n reeks groot gebeure wat sy lewe drasties verander het. Dit het ook sy uitkyk op die lewe verander en vir hom geleer dat alle mense dieselfde behandel moet word, ongeag wie die persoon is. Voordat Johnny voltyds begin musiek maak het, het hy ’n Honneursgraad in Antropologie aan Wits verwerf waar hy klasgegee het. Hy het ook vir vier jaar aan die universiteit van Natal onderrig gegee. Johnny het saam met verskeie kunstenaars opgetree. Musiek was sy lewe. Musiek verenig mense en laat hulle van hul verskille vergeet.

Johnny en sy vriende se groep *Juluka* het sommer gou ’n platekontrak gekry. Die res is musiekgeskiedenis. *Juluka* het ses albums uitgereik en deur Kanada, VSA, Brittanje, Duitsland en Skandinawië getoer voordat sy vriend, Sipho, in 1985 besluit het om na Suid-Afrika terug te keer. Hy wou na sy familiegrond in Zoeloeland gaan.

In 1986 het Johnny die groep *Savuka* saam met Dudu Zulu gestig. Die groep was gou wêreldberoemd en het binne drie jaar een miljoen kopieë van hul debuutalbum verkoop. Hulle musiekstyl was ’n mengsel van Afrika- en Keltiese musiek.

In 1990 het die Franse platebedryf hulle vereer as die groep wat wêreldwyd die meeste albums oor ’n tydperk van twee jaar verkoop het. Maar in Suid-Afrika was hulle musiek nie oor die radio gespeel nie as gevolg van die politiek van daardie tyd.

Die liedjie *Asimbonanga* is spesiaal vir Nelson Mandela geskryf. Dit het gemaak dat Johnny Clegg die verhoog in Duitsland met Madiba gedeel het. Hy het gesing en Madiba het langs hom gedans.

Watter roemryke loopbaan is dit nie!

[Verwerk uit *Rooi Rose*, Des. 2017]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Huisgenoot*, Maart 2015]

3.1 Die opskrif (reëls 1–3) van die advertensie is geslaagd. Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

3.2 Verduidelik op watter wyse word die omkringde klanke in reël 1 en 4 gevorm. (2)

3.3 Gee die verklaring van die afkorting in reël 2. (1)

3.4 Dieselfde skryfteken word twee keer in reël 4 gebruik, maar die funksie verskil elke keer. Verduidelik hoe dié skryfteken se gebruik in die woorde verskil. (2)

3.5 Gebruik die omkringde woord in reël 6 en verduidelik wat ŉ klank- en lettergreep is. (2)

3.6 Maak ŉ sin met die antoniem van die eerste woord in reël 7. (1)

3.7 Maak ʼn sin met die homoniem van die onderstreepte woord in reël 8. (1)

3.8. Verduidelik kortliks die funksie van die kapstokke (kolletjies) in reël 11. (1)

3.9. Gebruik die omkringde byvoeglike naamwoord in reël 12 predikatief in ŉ goeie verklarende sin. (1)

3.10 Herlees reël 13.

Wat probeer die adverteerder in die omkringde sin bereik deur die gebruik van twee leestekens na mekaar? (1)

3.11 Herlees reël 15–18.

Verduidelik hoe die leser oortuig word om dié program aan te koop. Haal ʼn sin aan om jou antwoord te staaf. (1)

3.12 Wie dink jy is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.13 Verklaar waarom die omkringde woord in reël 16 slegs met een <u>a</u> gespel word. (1)

**[17]**

## VRAAG 4: VISUELE TEKSTE

### TEKS E: STROKIE

Lees en kyk na die teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Verwerk uit *Meester – Danie Cronjé*]

4.1. Watter funksie het die onderstreepte agtervoegsel in raampie 1? (1)

4.2 Identifiseer 'n skeibare werkwoord uit raampie 1. (1)

4.3 Gebruik die eerste samestelling in raampie 1 se kern as 'n bepaler in 'n nuwe samestelling. (1)

4.4 Vorm die meervoud van die onderstreepte selfstandige naamwoord in raampie 1. Gee dan ook die rede vir die spelwyse daarvan. (2)

4.5. Skryf 'n tussenwerpsel uit raampie 2 neer. (1)

4.6. Gee EEN visuele bewyse uit raampie 2 dat Meneer bitter ontevrede met Neelsie is. (1)

4.7. Skryf Meneer se onderstreepte woorde in raampie 2 in die indirekte rede.

Begin jou antwoord met: Meneer sê … (1)

4.8. Benoem die leesteken in reël 1 van raampie 3 en verduidelik of dit gepas is. (2)

4.9. Watter woordsoort is die onderstreepte woord in raampie 3? (1)

4.10 Identifiseer die anglisisme in raampie 3. (1)

4.11 Dink jy Neelsie is tevrede met sy onderwyser se antwoord? Verduidelik jou antwoord. (1)

**[13]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**TEGNOLOGIE: JOU KIND SE REDDING OF ONDERGANG?**

1 Die twee- of driejarige **(5.1)__** haar ma se skoot by die tafel langsaan huil droewig. Die ma sug, neem haar slimfoon by die ouer sussie en druk dit in die kleintjie se handjies. Sy stop in die middel van 'n **(5.2) hartverskeurende** snik. Ek kyk verstom hoe sy behendig oor die skerm vee en druk om by die speletjie uit te kom. Tye het verander en hedendaagse kinders se tegnologiese verwysingsraamwerk verskil hemelsbreed van selfs 'n **(5.4) tydperk van tien jaar** gelede.**(5.5)** Kinders wat na 2000 gebore is, word nog die Z-generasie genoem.

2 Daar is wonderlike voordele aan tegnologie, maar **(5.6) Prof. Jannie Ferreira waarsku dat kinders wat te veel tyd op selfone en tablette deurbring, fisiek agter kan raak** en leer- en sigprobleme kan ontwikkel. Daar is kenners wat 'n algehele verbod op die gebruik van tegnologie by kinders onder twaalf bepleit omdat hulle meen dit benadeel breinontwikkeling.

3 Prof. Jannie Ferreira, voormalige hoof van Optometrie aan die Universiteit van Johannesburg, glo rekenaarvaardigheid is. 'n basiese vereiste, maar die uitdaging is om die gebruik verantwoordelik te bestuur. Ouers span skerms maklik as 'n geduldige **(5.7)** babawagter in, maar baie glo ook dat tegnologiese kennis kinders 'n voorsprong gee.

4 Die gebruik van rekenaars, tablette en selfone is nie 'n probleem nie **(5.9);** dis die oormatige en onoordeelkundige gebruik daarvan wat tot 'n reeks probleme en frustrasies **(5.9) kan** bydrae. Prof. Ferreira sê die skoolstelsel verander en **(5.10)** meer handboeke en leermateriaal word op tablette gelaai, maar dis belangrik dat skole daarvoor vergoed en ook fokus op aktiwiteite wat kinders fisiek sal ontwikkel.

[Verwerk uit *Rooi Rose,* 14 Junie 2015]

5.1 Vul die korrekte voorsetsel in. (1)

5.2 Gee die stam van die vetgedrukte woord in paragraaf 1. (1)

5.3 Haal 'n voorbeeld van 'n infinitief uit paragraaf 1. (1)

5.4 Gee EEN woord vir die beskrywing. (1)

5.5 Herskryf die sin en skryf die onderstreepte deel in die ontkennende vorm. (1)

5.6 Verander die vetgedrukte sin in 'n vraagsin sonder die gebruik van 'n vraagwoord soos: Hoekom/Wie/Wat? (1)

5.7 Kies die regte antwoord van dié tussen hakies:

Die onderstreepte woord is (volksetimologie, leengoed, nuutskepping). (1)

5.8 Identifiseer die spelfout in paragraaf 4 en skryf slegs die korrekte spelling van hierdie woord neer. (1)

5.9 Die vetgedrukte woord in paragraaf 4 is 'n hulpwerkwoord. Watter tipe hulpwerkwoord is dit? (1)

5.10 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 in die bedrywende vorm. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C (40 ÷ 2): 20**
**GROOTTOTAAL: 50**

Kopiereg voorbehou